

Nuwe baadjies...

Saamgestel deur Grizéll Azar-Luxton

Twee eertydse sendinggemeenskappe kan nou spog met hul nuwe biblioteke - Mamre Biblioteek is opgegradeer en vergroot en Saron is voorsien van 'n nuwe gebou. Die rede vir die opgradering van Mamre is omdat biblioteekgebruik daar so toegeneem het dat die oorspronklike saal in 'n vergrote biblioteeklokaal omskep is en 'n nuwe saal gebou is waarvandaan talle uitreikingsprogramme bedryf word. Dit huisves ook 'n sakehoekie en studielokaal.

Vir die gemeenskap van Saron was die bou van hulle biblioteek werklik 'n mylpaal in 'n stryd wat al in die tagtigerjare begin is om biblioteekfasiliteite te verkry. Interessant is dat al die personeel plaaslik gebore en getoë is, ook die bibliotekaris is 'n oorspronklike Saron inwoner.



Kloksgewys van bo links:

Mamre Biblioteekgebou heerlik knus tussen die koeltebome


Die oorspronklike saal wat die nuwe volwasse afdeling is. Let op die goeie gebruik van rakente vir kennisgewings en plakkate

'n Uiters goedbenutte studie area

Jerome Fisher besig om 'n groep studente toudys te maak in die gebruik van die Internet
n Groot en sigbare banier om die biblioteek te 'adverteer'



Mamre se besige span: (vlnr) Bibliotekaris Charmaine Pietersen saam met assistente Jerome Fisher, Roseline Coert en Paulina Adams

Kleurvolle meubels versier die kinderafdeling



STATISTIEK

Amptelike opening	Junie 2001
Boekvoorraad	20 067
Ledetal	3 267
Jaarlikse sirkulasie	97 000
Personeel	6
Vloeroppervlakte	425 m ²



Kloksgewys van bo regsom:
 Saron se spog nuwe biblioteek
 Personeel hard besig met uitreikings
 Gerieflike gemakstoele in die tydskrifafdeling met die naslaan area daarlangs
 (Vlnr): Bibliotekaris Shirley van Huffel met assistent Rhoda Sims en Carol Willemse, algemene werker
 Die kleurvolle, besige kinderafdeling
 'n Snoesige kinderhoekie



STATISTIEK

Amptelike opening	25 Oktober 2003
Boekvoorraad	8 286
Ledetal	1 651
Personeel	3
Vloeroppervlakte	440m ²

Foto's: Hannelie de Klerk